


# FUNDAMENTELE CHRISTELIKE LERINGE

## No.2: U Identiteit

## (Intermediêr)

## Die Grootste "Mysterie" in die Bybel wat Christene Grootliks Gemis het

**ONS LIG IN – U KIES**

**PROFESSOR WA LIEBENBERG**

# Die Grootste "Mysterie" in die Bybel wat Christene Grootliks Gemis het


Deur

Professor WA Liebenberg

Vertaling en Proefleës deur: André le Roux



***Alle regte voorbehou.***

Copyright © HRTI 2007

Geen gedeelte van die boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende laserskyf-of bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die skrywer nie.



**FEBRUARY**
**2007**

**Distributed by**
Hebraic Roots Teaching Institute
Postal address:
15 Lovedale Avenue,
Silverfields, Krugersdorp,
Gauteng, South Africa 1739

**E-mail:** studentsupport@hrti.co.za
**Website:** www.hrti.co.za

# Table of Contents

Voorwoord ..... 3

Wat is My Identiteit? ..... 4

Inleiding ..... 4

Ons Verantwoordelikheid in Opdrag van YHWH ..... 4

Kon Heidense Nasies van die Begin af deel hê in YHWH se Verbond? ..... 5

Die Ingewikkelde Plan vir ons Verlossing wat al Beplan is voor die Ontstaan van die Wêreld ..... 7

Abraham die Vertrekpunt vir die "Huwelik" Plan ..... 7

YHWH bring Sy Bruid uit Egipte en doen 'n Huweliksaanbod aan Haar ..... 8

Israel het toe Hoerdery Gekies en hul rug op YHWH gedraai ..... 10

Salomo se Koninkryk Verdeel in Twee Koninkryke: ..... 10

YHWH het uiteindelik Geduld verloor en van Israel Geskei ..... 11

Israel en Juda in 'n Simboliese Beskrywing in Hosea se Lewe ..... 12

Chronologiese volgorde Opsomming van YHWH se geheimsinnige Plan ..... 14

YHWH Belowe dat Hy weer sal Trou met die Huis van Israel ..... 14

Kan YHWH Sy eie Reëls en Voorskrifte in die Torah Verbreek? ..... 14

Die Groot Geheim oor hoe YHWH die Probleem sal Oplos ..... 15

Die antwoord op hierdie Geheimsinnige Misterie vir Eeue Toegesluit ..... 15

Die Verborgenheid Verskuil vir Eeue ..... 16

Waar pas Hulle in wat nie van die Huis van Israel is nie. ..... 17

Waarom het Y'shua Sy Dissipels Vissers van mense gemaak? ..... 18

Die probleem met die Fariseërs ..... 18

Peter word 'n kommissie gegee ..... 19

Peter is baie spesifiek aan wie hy Geskryf het ..... 19

Jakobus (Ya'akov), Y'shua se Broer, het ook Net geskryf aan die Verlore Skape ..... 20

Kom ons slaan die Spyker in die Doodskis met Y'shua se Woorde ..... 20

Selfs Sha'ul het aan die verlore skape van Israel geskryf ..... 20

Die geheim van die Olyf Boom van Romeine Hoofstuk 11 ..... 21

Nou moet jy 'n lewens-veranderende besluit neem ..... 21

YHWH se Enkodeerde Twee-Huis boodskap regdeur die Skrif ..... 22

Gevolgtrekking ..... 24

Stof tot Nadenke ..... 24

# Voorwoord

YHWH "God" het ons geroep om twee dinge te doen. Eerstens, om nie op te hou met studie en om te soek na die korrekte interpretasie van enige gegewe bybel gedeelte nie. Tweedens, om te leer om met geduld en liefde met ander te deel wie nie dalk dieselfde begrip van ‘n gegewe teks met ons deel nie.

Dwarsdeur die HRTI se studies gebruik ons ‘n effense verskillende tipe woordeskat as wat sommige dalk gewoond aan mag wees. Ons verkies die gebruik, wat baie na sal verwys as 'n Messiaanse woordeskat. Die redes hiervoor is: Eerstens, die gebruik van Hebreeuse-klinkende woorde is nog 'n manier om jou te help assosieer met die Hebreeuse wortels van jou geloof. Tweedens, hierdie woorde is nie bloot 'n uiterlike vertoon vir ons nie, maar 'n werklike uitdrukking van wie ons as Messiaanse Jode en nie-Jode is en wat ons erfenis saam met Israel daad werklik "aangryp."

In plaas daarvan om te sê: "Y’shua," noem ons, ons Verlosser "Y'shua," tipies die manier waarop sy ouers Hom sou aangespreek het in hul eie Hebreeuse taal. Daarbenewens, eerder as om te verwys na Y'shua as "Messias", gebruik ons die woord "Messias", wat is 'n Anglikaanse weergawe van die Hebreeuse woord, Moshiach.

"Yahovah" is die naam van God in Hebreeus, waar dit as vier konsonante (YHWH of YHVH, waar die W en V afgelei is van dieselfde Hebreeuse letter 'Vaw') in Hebreeus voorkom. Hierdie vier konsonante word die Tetragrammaton (Grieks vir "['n woord] met vier letters) genoem. Die Jode het opgehou om die naam te gebruik in die Grieks-Romeinse tydperk, en was vervang met die naamwoord Elohim, vir "God," om die universele soewereiniteit van Israel se God te demonstreer oor al die ander gode, op dieselfde tyd, is steeds die goddelike naam beskou as te heilig om na uiterlik te gebruik, en is vervang in gesproke taal deur die woord Adonai ("My Here").

Vanaf ongeveer die 6de tot die 10de eeu het die Masorete, Joodse geleerdes wat die eerste vokale ingevoeg het in die teks van die Hebreeuse Bybel, die vokale van die Hebreeuse woorde Adonai en Elohim ingevoeg in YHWH en en so die gebruik van die kunsmatige naam, Jehova onstaan. Christen-geleerdes en vertalers na die Renaissance en Hervorming tydperke, het die heilige naam YHWH met God en Here (in hoofletters in die Bybel) vervang, wat 'n strategiese skuif was van Satan om die gebruik van die oorspronklike Naam te stop. Die Heilige Naam kom 6,828 keer voor in die Hebreeuse teks, wat bewys dat YHWH wil hê ons moet Sy Naam onthou en gebruik.

In die 19de en 20ste eeu, het Bybelse geleerdes weer begin om die vorm YaHWeH te gebruik; en vandag is dit ‘n konvensionele gebruik in Bybelse kundigheid, maar van die Hebreeuse geleerdes stel voor dat YHWH uitgespreek moet word as Yah-oo-Vah (Y'shua is afgelei van Yah-Shuvah wat beteken dat YAH red. Yah is ‘n afkorting van God se naam, YHWH, soos gesien in Psalm 68:4. Die Naam word ook gevind in die woord hallelu-YaH, wat "loof YHWH" beteken).

# Wat is My Identiteit?

## Inleiding

Vir die laaste twee duisend jaar het satan Christene lamgelê. Hy het meesterlik die mees uitgesoektes uit die Christendom mislei en het hulle in 'n swart gat van duisternis ingetrek, hulle gedagtes vervaag en die fundamentele waarheid waarom YHWH toegelaat het dat Sy Seun brutaal vermoor word, verdraai.

Hierdie fundamentele rede is so intens belangrik dat YHWH deur Sy Woord, die Bybel, konsentreer om stelselmatig met eindelose poging, Sy onberispelike plan vir sy mense tot vervulling te bring.

Ons het al geleer dat Israel die Joodse volk is en die Joodse volk is Israel. Hierdie misverstand het ons vermoë verwring om werklik van die Skrif alles te verstaan wat oorspronklik bedoel was deur YHWH. Die grootste profesieë van die Woord van YHWH het betrekking oor hierdie spesifieke onderwerp, en is die middelpunt van die hele plan van YHWH.

Hierdie lering is ongetwyfeld die sleutel om die hele Bybel te verstaan. Baie groot geleerdes[1] wat tot begrip gekom het met hierdie fenomenale openbaring haal wyle Professor C.A.L Totten van Yale Universiteit se diepgaande woorde oor hierdie belangrike onderwerp aan:

*"I can never be too thankful to the Almighty that in my youth he used the late Professor Wilson to show me the difference between the two houses. The very understanding of this difference is the KEY by which almost the entire Bible becomes intelligible, and I cannot state too strongly that the man who has not yet seen that Israel of the scripture is totally distinct from the Jewish people, is yet in the very infancy, the mere alphabet of Biblical study, and that to this day the meaning of seven-eighths of the Bible is shut to his understanding".*[2]

Beide Professore Totten and Wilson het presies die uitdruklike woorde van Y'shua begryp: *" Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel!"*[3]

Met dit in gedagte, laat ons begin met ons reis ....

## Ons Verantwoordelikheid in Opdrag van YHWH

'n Paar jaar gelede het ek 'n boekie genaamd "Die Hoogste Vorm van Aanbidding is Bestudering van die Woord" geskryf, daardie lering is ingeprent in my brein, selfs tot vandag toe. Ek dink nie dat Christene werklik verstaan hoe belangrik dit is om YHWH se Woord te bestudeer nie; skrifgedeeltes soos dié een hieronder laat rillings langs my ruggraat af hardloop. Neem, byvoorbeeld, die eerste gedeelte hier uit Hosea: Christene kan dit almal aanhaal uit hulle koppe uit (goed - die eerste gedeelte), maar die voorwaardes en gevolge in die tweede gedeelte ignoreer hulle blatant:

---

[1] http://passionfortruth.org, www.nazarenespace.com, http://testeverything.net
[2] Professor C.A.L. Totten (1851-1908) of Yale University
[3] Mattheus 15:24

*"6 My volk* ***gaan te gronde weens gebrek aan kennis****; (hier is nou daardie tweede gedeelte) omdat jy die* ***kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp****, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie* (1 Petrus 2:9)*;* ***omdat jy die wet*** (Torah) ***van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet*** ('n vloek op jou kinders net omdat jy YHWH se instruksies verwerp)."[4]

Dieselfde woorde word weerklank in die Nuwe Verbond:

*"15* ***Lê jou daarop toe*** *om jou* ***beproef*** *voor God te stel as 'n werker wat hom* ***nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny."***[5]

Dan kry ons die "rooi letter" direk vanuit Y'shua se mond:

*"19 Gaan dan heen,* ***maak dissipels*** (volgelinge) *van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en* ***leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*** (Sy Vader se Torah)*."* [6]

Stof tot nadenke:

Selfs Sha'ul, die grootste leermeester van alle tye (afgesien van Y'shua), het aanvanklik gedink hy was reg toe hy toegewyde gelowiges vermoor het. Is dit moontlik dat jy verkeerd geleer kon gewees was deur 'n Leraar wat dalk vasgevang is in valse oorleweringe? ...

***"****13 So maak julle dan* ***die woord van God kragteloos*** *deur julle oorlewering wat julle bewaar het..."*[7]

Beteken dat 'n gees van "oorlewering" maak die Woord van YHWH tot niet.

## Kon Heidense Nasies van die Begin af deel hê in YHWH se Verbond?

Dit is duidelik uit baie Ou Testamentiese Skrifte dat Heiden Nasies altyd toegang tot YHWH gehad het - hulle het altyd hoop gehad. Voor die tyd dat die Nuwe Verbond geskryf was, kon hulle in die verbond inkom sonder die bloed van Y'shua deur net geloof in YHWH en deur die Torah te onderhou, soos ooreenkomstig die Skrifgedeeltes wat hieronder gelys is:

Exodus 12:49 ***Een wet*** *moet geld vir die kind van die land* ***en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.***

Levitikus 24:22 ***Net een wet moet daar vir julle wees*** *die vreemdeling moet soos die kind van die land wees; want Ek is YHWH julle God.*

Numeri 15:16 *Een wet en een reg moet geld vir julle* ***en vir die vreemdeling wat by julle vertoef.***

Numeri 15:29 *Wat die kind van die land onder die kinders van Israel aangaan* ***en die vreemdeling wat onder hulle vertoef—een en dieselfde wet*** *moet vir julle geld, vir hom wat in swakheid iets doen.*

[4] Hosea 4:6
[5] 2 Timotheus 2:15
[6] Mattheus 28:19
[7] Markus 7:13

Psalms 18:44 *Sodra hulle* ***van my gehoor het*** (Torah), *was hulle my gehoorsaam,* ***uitlanders het kruipende na my gekom.***

Jesaja 56:6 *En die* ***uitlanders wat hulle by YHWH aangesluit het****, om Hom te dien en om die Naam van YHWH lief te hê deur sy knegte te wees—****elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond****-*

Esegiël 44:9 *So sê Elohim YHWH:* ***Geen uitlander, onbesnede van hart en onbesnede van vlees, mag in my heiligdom ingaan, van al die uitlanders*** *wat onder die kinders van Israel is nie.*

Dit is die sleutel vir die kry van die Verbond met YHWH: daar was net een Wet, en die wet was en is YHWH se Torah. Die kwessie hier is baie dieper as wat ons op sigwaarde kan sien. In werklikheid, wat ons oppad is om te bestudeer en te verstaan is 'n groot misterie! Die misterie van YHWH is steeds van toepassing vir die gelowige van vandag, en indien u versuim om dit te verstaan, kan dit 'n nadelige uitwerking op jou ewige lewe hê!

Dit is omdat daar meer is aan 'n verhouding met YHWH as net "*glo in Y'shua*" soos Christene daarop aandring. YHWH het 'n paar reëls om te volg, en as jy weier, dan behoort jy nie aan Hom nie - punt. Dit is wat Sha'ul[8] hier verduidelik in Ef 2:11-13 en wat Christene uiters verkeerdelik interpreteer:

*"11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12 dat julle in dié tyd sonder Messias was,* ***vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.*** *13 Maar nou in Messias Y'shua het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Messias."*

Die uittreksel hierbo is net een voorbeeld van hoe die Christendom die geskrifte van Sha'ul, wat gebruik word as "bewys" dat YHWH se Torah[9] kwansius afgeskaf is by die "kruis", verkeerd geïnterpreteer.

Dit blyk asof Christendom gebou word op die veel-misverstaande geskrifte van Rav[10] Sha'ul, en dat hulle nie die diepte van Saul se onderrig oor die Torah verstaan nie. Selfs Petrus het genoem dat Sha'ul se geskrifte sekerlik moeilik sal wees om te verstaan en dat mense uiteindelik Sha'ul se leringe sou verdraai:

*"15 En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, 16 net soos in al die briewe.* ***Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai*** (daardie pastore ongeskool in die Torah onderig absurde leerstellinge)***, net soos die ander Skrifte*** (dan as gevolg van hul Torah - loosheid sal hulle nie die Bybel verstaan nie)***, tot hul eie verderf*** (lees Spreuke 28:9)*. 17 Noudat julle dit dan vooruit*

[8] Hebreers vir Paul
[9] Divine Instructions in Righteousness.
[10] Rabbi

*weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie."*[11]

## Die Ingewikkelde Plan vir ons Verlossing wat al Beplan is voor die Ontstaan van die Wêreld

Goed, kom ons begin by die begin om hierdie reuse-raaisel op te los.

Voor die fondasies van die aarde gevorm is, het YHWH vir my en vir u geken en so lief gehad dat Hy so 'n ingewikkelde plan vir ons verlossing bedink het dat selfs die engele (en satan) nie die dieptes daarvan kon peil nie. Ons kan slegs begin om die betekenis van ware liefde te verstaan wanneer ons 'n groter besef van die dieptes van Sy liefde en die kompleksiteit van Sy plan vir die seuns (en dogters) van die geloof kry.

Die lering deur die woorde van Sha'ul sal die wonder van YHWH se liefde en die dieper kern begrip verduidelik van waarom Y'shua, ons Messias, moes sterf sodat ons die oorspronklike doel van ons Hemelse Vader se liefde en vasberadenheid kan vervul!

*"7 Maar ons spreek die wysheid van God,* ***wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het*** *tot ons heerlikheid, 8 wat* ***niemand van die heersers*** (sataniese heersers) ***van hierdie wêreld geken het nie****—want as hulle dit geken het, sou hulle YHWH van die heerlikheid nie gekruisig het nie—"*[12]

Ek kan nie help om te dink dat ons Hemelse Vader selfs meer opgewonde was soos Hy ons einde oorweeg het selfs van ons begin af nie. Ek vermoed dat sy liefde, wat Sy hele wese is, weerklink het met die vreugde van sy hart, toe Hy getroue Abraham geroep het vanuit die heidense aanbidders van Ur in afwagting om geboorte te skenk aan 'n nasie van gelowiges, genaamd Israel. En tog, selfs voor die eerste asemteug van die uitverkorenes, het YHWH 'n doel gehad van samesmelting in die mees intieme verhoudings - die huwelik.

## Abraham die Vertrekpunt vir die "Huwelik" Plan

Hy roep voort 'n volk van geloof, soos Abraham; en 'n nasie wat 'n boom van geregtigheid gaan wees, geplant by die rivier van YHWH. Maar selfs soos die profeet Jeremia onmiddellik verklaar na hierdie pragtige sinnebeeld, het YHWHt geweet dat "*Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?*"[13] Dus, baie takke van die geroepe Israel sal moet afgesny word van (en ander ingeënt word aan) die hoofstam van daardie boom.

Die boek van Hebreërs vertel[14] dat baie in die woestyn omgekom het vir hulle ontrouheid en gebrek aan geloof. Die boek Romeine vertel ook, "*... want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie*." Maar dit is Israel en Juda (twee verskillende groepe) vir wie die nuwe verbond gegee was: "*Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek YHWH, dat Ek met die* ***huis van Israel*** *en die* ***huis van Juda***

[11] 2 Petrus 3:15-17
[12] 1 Korinthiers 2:7-8
[13] Jeremia 17:9
[14] Hebreers 3:15-18

*'n nuwe verbond tot stand sal bring."*[15] Weereens, let ons twee verskillende groepe op waarop ons later sal fokus in hierdie leering, maar vir nou, laat ons terugkeer na die chronologiese volgorde van die huwelik plan...

YHWH het Abraham belowe dat sy nageslag baie sal wees. Hierdie seën was oorgedra aan Isak en Jakob. Jakob het sy seun "Efraim" toe geseën en gesê dat "Efraim se" saad sal '"n menigte van nasies" word:

*"17 Toe Josef sien dat sy vader sy regterhand* ***op die hoof van Efraim*** *gelê het, was dit verkeerd in sy oë; en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die hoof van Efraim op die hoof van Manasse oor te bring. 18 En Josef sê aan sy vader: Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene: lê u regterhand op sy hoof. 19 Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n* ***menigte van nasies*** *word."*[16]

Die sleutel om hierdie profesie te verstaan lê in die feit dat die noordelike tien stamme se dominante stam was Efraim en Efraim verteenwoordig baie keer in die Skrif die hele noordelike tien stamme bekend as die Huis van Israel. Dit beteken dat YHWH gesê het dat die Huis van Israel baie nasies sou word.

Die Hebreeuse woord vir "menigte van nasies" is "*melo ha'goyim*" en dit beteken letterlik "die volheid van die nasies". Om "menigte van nasies" te sien vanuit 'n Griekse perspektief, 'n Griekse ingesteldheid en hoe Christene dit sien, dan blyk dit om "Nie-Jode" te beteken. By die interpretasie daarvan, 'n nie-Jood is "van die nasies", wat beteken "nie van die EEN nasie Israel".

Dit is waar satan die hoogste vlak van misleiding ingebring het, wat direk YHWH se profesie van die seën van "Efraim" deur sy vader Jakob teenstaan. U sien dit is Israel, die Noordelike Tien Stamme wat 'n menigte van nasies sal word. Dit is die Tien Stamme wat verstrooi sal word en in vreemde lande geabsorbeer sal word in die komende jare.

## YHWH bring Sy Bruid uit Egipte en doen 'n Huweliksaanbod aan Haar

Selfs al het YHWH die hart van die mens geken, was Hy so lief vir sy verloofde dat Hy haar uit Egipte na Berg Sinai gebring het en Sy huweliks verbond voorgestel het deur te sê:

*"5 As julle dan nou terdeë na my stem luister en* ***my verbond hou*** (Torah), *sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. 6 En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees...."*[17]

Hier by die berg Sinai, het YHWH die "ketubah" (die "huwelik verbond") aan sy bruid gegee; wat natuurlik die Torah is, en die bruid het gereageer met "Ek doen", en gesê:

[15] Hebreers 8:8
[16] Genises 48:17-19
[17] Eksodus 19:5-6

*"Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat YHWH gespreek het, **sal ons doen**."*[18]

Sy het toe hierdie belofte herbevestig soos aangeteken in Eksodus 24:3-5 en die verbond gefinaliseer in skrif en voltrek in bloed:

*"4 En Moses het al die **woorde van YHWH opgeskrywe** en die môre vroeg hom klaargemaak en onder die berg 'n altaar gebou, en twaalf gedenkstene volgens die twaalf stamme van Israel. 5 En hy het jongmanne van die kinders van Israel gestuur; dié het brandoffers geoffer en as dankoffers bulle vir YHWH geslag. 6 En Moses het die helfte van die bloed geneem en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed teen die altaar uitgegooi. 7 En hy het die **boek van die verbond** geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê: **Alles wat YHWH gespreek het, sal ons doen en daarna luister.** 8 Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: **Dit is die bloed van die verbond** wat YHWH met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde."*[19]

Maar, in teenstelling met ons aardse vaders wat regtig nie geweet het of al ons kinders dit selfs sou maak tot by kollege nie, het YHWH geweet van elke tree wat Israel sou neem. Hy het geweet dat Israel sy huweliks verbond by die Berg Sinai sou aanvaar net om 'n prostituut te word sodra Hy haar die beloofde land gee.

YHWH het ook voor die tyd vir hulle gesê dat as hulle dit doen en ongehoorsaam is aan Hom, dan sal Hy hulle vervloek deur hulle te versprei onder die heidene:

*"En YHWH sal **julle onder die volke verstrooi**, en 'n klein klompie van julle sal **onder die nasies** oorbly waarheen YHWH julle sal drywe."* [20]

En later het Hy dit weer gese in Deuteronomium 28:36

*"YHWH sal jou en jou koning wat jy oor jou sal aanstel, na 'n nasie laat gaan wat jy en jou vaders nie geken het nie;"*

YHWH het hulle ook presies vertel wat sou gebeur as hulle berou het daarvan om vreemde gode te aanbid en terug draai na Hom en Sy verbond aanvaar:

***"1** En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, **en jy dit ter harte neem onder al die nasies** waarheen YHWH jou God jou verdryf het, **2** en jy jou tot YHWH jou God bekeer en na sy stem luister net **soos ek jou vandag beveel*** (Sy Torah wat vir hulle gegee was), *jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, **3 dan** sal YHWH jou God **jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke** waarheen YHWH jou God jou verstrooi het. **4** Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, **daarvandaan sal YHWH jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal**. **5** En YHWH jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders."* [21]

[18] Eksodus 19:8
[19] Eksodus 24:4-8
[20] Deuteronomium 4:27
[21] Deuteronomium 30:1-5

Met ander woorde, Ongehoorsaamheid beteken Verspreiding; en Gehoorsaamheid die Terugkeering van YAHWEH se bruid. Die waarskuwing het uitgegaan, maar die Israeliete het nie ag geslaan daarop nie...

### Israel het toe Hoerdery Gekies en hul rug op YHWH gedraai

Onthou u dat YHWH vir Moshe[22] laat profeteer het in sang oor haar hoerdery voordat hulle die land binnegegaan het?

***"** Want Ek sal hulle inbring in die land wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het, wat oorloop van melk en heuning, en hulle sal eet en versadig en vet word**; dan sal hulle afwyk na ander gode en dié dien, en hulle sal My verag** en **my verbond verbreek."***[23]

As ouers is ons harte bedroef wanneer ons begin om te sien dat die harte van ons kinders rebelleer in ongehoorsaamheid, dwaasheid navolg, sonde pleeg, hulself skei van die maniere waarop ons het hulle geleer het en ons raad en gemeenskap laat vaar. Hoeveel te meer moes ons Vader se hart bedroef gewees het van die begin af te weet van Sy hofmakery dat Hy 'n hoer vir 'n "bruid" en vrou het!

### Salomo se Koninkryk Verdeel in Twee Koninkryke:

Sodra die Israeliete in die beloofde land aankom, het hulle 'n koning begeer. YHWH het hulle 'n koning gegee en die een koning het gevolg na die ander. Mettertyd, was Salomo, koning - en sy koninkryk het verdeel in die noordelike deel, wat bestaan het uit Tien Stamme; en die suidelike deel, wat bestaan het uit Twee Stamme. Salomo se vroue het hom gelok om ander gode te aanbid en dit is waarna YHWH verwys as Sy verloofde wat 'n hoer geword het. Hulle het omgang gehad met/ander gode aanbid!

Verskeie Name van die Twee Koningkryke:

Daar is verskeie name vir hierdie twee koninkryke in die Skrif, afhangende van die konteks waarin dit gebruik word:

| **Noordelike Koningkryk** | **Suidelike Koningkryk** |
|---|---|
| (Noordelike Tien Stamme) | (Suidelike Twee Stamme) |
| Huis Van Israel | Huis van Judah |
| Israel | Judah |
| Ephraim | |
| Joseph | |
| (Ook bekend as die | |
| Verlore Tien Stamme) | |

[22] Hebreeus vir Moses
[23] Deuteronomium 31:20

## YHWH het uiteindelik Geduld verloor en van Israel Geskei

‘n Mens sou dink dat na die duidelike waarskuwing van YHWH, wat sou gebeur as hulle ongehoorsaam was aan YHWH, dat hulle dit in ag sou neem, maar dit het nie gebeur nie en uiteindelik het YHWH van Israel, die noordelike tien stamme, geskei:

"*En Ek het gesien toe Ek uit oorsaak van* ***die owerspel van die afkerige, Israel*** (Noordelike Tien Stamme), ***haar verstoot*** (haar weggestuur) ***en haar haar skeibrief gegee het*** (‘n "get" in Hebreeus, ‘n skeibreif), *dat die ontroue, haar suster Juda, nie bevrees was nie, maar gegaan en ook self gehoereer het* (later het die Suidelike Twee Stamme, Judah en Benjamin, dieselfde gedoen)."[24]

Na jare en jare se vermanings en pleidooie om te probeer om Israel terug te wen in getrouheid en probeer om nie van haar te skei nie, het YHWH uiteindelik moed opgegee en van die huis van Israel, die Noordelike Tien Stamme (Noordelike Koninkryk van Efraim) geskei. Die profeet Jesaja teken die gebeurtenis aan:

*"Want Damaskus is die hoof van Aram* (Syria), *en Resin die hoof van Damaskus, en* ***binne vyf en sestig jaar sal Efraim verbreek word, sodat dit geen volk meer is nie*** (hulle was nie meer YHWH se volk nie aangesien Hy van hulle geskei het)*;"*[25]

Die Noordelike Koninkryk van Efraim was dan verban na Assirië in 721 v.C (die vloek) presies soos YHWH hulle gewaarsku het (en onder die heidense nasies verstrooi het), en die Koninkryk van Juda, wat ook gevolg het in hoerery jare later, is verban na Babilon in 586 v.C - Maar hulle was nie onder die nasies verstrooi nie; hulle het later teruggekeer na die beloofde land.

*"18 So het YHWH* ***dan baie toornig op Israel geword****, sodat Hy hulle* ***van sy aangesig verwyder het****; niks het oorgebly nie as net die stam van Juda alleen. 19 Selfs Juda het die gebooie van YHWH hulle God nie gehou nie, maar gewandel in die insettinge van Israel wat hulle gemaak het."* [26]

Alhoewel YHWH se lankmoedige karakter veroorsaak het dat Hy die skande en pyn van sy hoervrou vir baie eeue verduur het, het hy uiteindelik die Noordelike Koninkryk van Israel / Efraim sowel as die Suidelike Koninkryk van Juda verwerp.

*"So sê YHWH: Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het? Of wie is daar van my skuldeisers aan wie Ek julle verkoop het? Kyk, weens jul ongeregtighede is julle verkoop, en weens jul oortredinge is julle moeder verstoot."*[27]

Juda het teruggekeer na Jerusalem ná 70 jaar in Babilon omdat hulle terug gekom het onder die "verbond" - die detail van hul terugkeer kan in Dan 9:2 en Jer 29:10 gesien word. Ongelukkig het Israel nooit teruggekom onder die "verbond" nie en is nog steeds versprei, tot vandag toe. Alhoewel ons vir die laaste paar jaar gesien het dat 'n oorblyfsel terugkeer van die nasies na Torah gehoorsaamheid.

[24] Jeremia 3:8
[25] Jesaja 7:8
[26] 2 Konings 17:18-19
[27] Jesaja 50:1

## Israel en Juda in 'n Simboliese Beskrywing in Hosea se Lewe

YHWH se bedoelings word duidelik gemaak in die geskrifte van Hosea. Hosea se profetiese lewe is 'n uitbeelding van YHWH se bedoelings. Let daarop dat die boek Hosea geskryf is in die 8ste eeu vC, meer as 'n eeu voor die ballingskap van die Noordelike Koninkryk van Efraim.

In hierdie allegoriese beskrywing van ons Verlosser se liefde, kondig Hosea se profetiese lewe YHWH se voorneme aan **om die Huis van Israel te skei** en dan te trou met 'n volk wat "nie Sy volk" is nie.

YHWH het Hosea aangesê om 'n hoer te neem as sy vrou en dat hy 'n "seun" en 'n "dogter" en dan '"n ander seun" van die hoer sal hê. Kom ons kyk eers na die eerste seun:

*"3 Toe het hy gegaan en Gomer, die dogter van Diblaim, geneem; en sy het swanger geword en vir hom 'n **seun** gebaar.4 En YHWH het vir hom gesê: **Noem hom Jisreël*** (woordspel vir Israel), *want nog 'n klein tydjie, dan sal Ek die bloedskuld van Jísreël aan die huis van Jehu besoek en **'n einde maak aan die koninkryk van die huis van Israel."***[28]

Kom ons kyk nou na die dogter. Let daarop dat "Lo-Rugáma" in Hebreeus beteken "geen genade" of "geen meegevoel":

*"6 Toe het sy weer swanger geword en 'n **dogter** gebaar; en Hy het vir hom gesê: Noem **haar Lo-Rugáma*** (geen genade), *want Ek sal My **verder nie meer oor die <u>huis van Israel</u> ontferm** deur hulle **vergifnis te skenk** nie. Maar oor **<u>die huis van Juda</u>** sal Ek My ontferm en hulle verlos deur YHWH hulle God, en Ek sal hulle nie deur boog of swaard of oorlog, deur perde of ruiters verlos nie."*[29]

En nou die laaste seun:

***"8** Nadat sy Lo-Rugáma* (geen genade) *gespeen het, het sy weer swanger geword en 'n **seun** gebaar. **9** En Hy het gesê: Noem **hom Lo-Ammi*** (nie My mense):, *want **julle is nie my volk nie**, en **Ek sal nie julle s'n wees nie."***[30]

Dit pas presies in met die profesie van Efraim vroeër waar Jakob Efraim geseën en gesê sy nageslag sal '"n menigte van nasies" word:

*"10 Nogtans sal die getal van **die kinders van Israel** wees soos **die sand van die see**, wat **nie gemeet en nie getel kan word nie**; en **in plaas** dat aan hulle gesê word: **Julle is nie my volk nie**—sal aan hulle gesê word: **Julle is kinders van die lewende God.** 11 Dan sal die **kinders van Juda** en die **kinders van Israel** almal **saam vergader** en vir hulle een hoof aanstel en uit die land optrek; want groot is die dag van **Jisreël!"***[31]

Hier sien ons dat YHWH die Twee Huise weer bymekaar sal bring.

---

[28] Hosea 1:3-4
[29] Hosea 1:6-7
[30] Hosea 1:8-9
[31] Hosea 1:10-11

In Hosea hoofstuk 2, sien ons iets besonders; ons sien 'n naamsverandering in hierdie allegoriese beskrywing van Hosea se lewe. Dit is belangrik om daarop te let dat die name verander slegs nadat die twee huise weer verenig het:

*"1 Sê aan julle broers:* ***Ammi****, en aan julle susters: Rugáma* (voorheen genoem Lo-Ammi en Lo-Rugáma). 2 *Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg."*[32]

Die "prostituut moeder" is Israel in die verlede en die "kinders" is Israel wat YHWH verlaat het in die huidige, en wanneer hulle die "verbond" weer aanvaar en hulle hoerery met ander gode stop en terugkeer huis toe, dan sal YHWH haar weer aanvaar as vrou.

Die kern rede vir YHWH om Israel te verstrooi is omdat sy "die verbond" afgesweer het, en as gevolg daarvan het YHWH veroorsaak dat sy Sy opdrag soos uiteengesit in die verbond, vergeet het; dit wil sê, vergeet YHWH se Sabbatte en aanvaar 'n heidense plaasvervanger; vergeet YHWH se feeste en aanvaar heidense feeste, ens:

*"En Ek maak 'n einde aan al haar vreugde, haar feeste, haar nuwemane en haar sabbatte, ja, aan al haar feestye."*[33]

En dit is waar die Christelike Kerk is vandag: heeltemal verwyder van YHWH se "verbond" en geïnfiltreer deur satan se leer om die waarheid te verdraai. Maar YHWH stel dit duidelik dat Israel uiteindelik wakker sal word en haar heidendom verloën en haar "regte" Man weer soek met wie sy die "verbond" gemaak het:

*"En sy sal haar minnaars agternaloop, maar hulle nie inhaal nie; en sy sal hulle soek, maar nie vind nie. Dan sal sy sê:* ***Ek wil heengaan en terugkeer na my vorige man****, want toe het ek dit beter gehad as nou."*[34]

YHWH het gesê wanneer sy, Israel, haar sonde aanvaar het en berou betoon, sal Hy uit sy pad gaan om haar te bekoor en kragtig te lok:

*"14 Daarom, kyk,* ***Ek sal haar lok*** *en haar in die woestyn lei en* ***na haar hart spreek.*** *16 En in dié dag, spreek YHWH, sal jy My noem:* ***My man****; en jy sal my nie meer noem: My Baäl nie. 17 Dan* ***verwyder Ek die name van die Baäls*** (YHWH sal die name wat hulle Hom noem verwyder) *uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie. 23 En Ek sal haar vir My saai in die land en My oor Lo-Rugáma* ***ontferm****, en aan Lo-Ammi sê: Jy is* ***my volk****; en hy sal sê:* ***My God****!"*[35]

Die kerk in die algemeen het tot nou toe YHWH en Y'shua genoem "Here" deur die naam Here.[36] YHWH sê dat hierdie "Here" (Baal) naam vir hom sal ook stop!

---

[32] Hosea 2:1-2
[33] Hosea 2:11
[34] Hosea 2:7
[35] Hosea 2:13-23
[36] "Here" kom van Nederland en Duitsland

## Chronologiese volgorde Opsomming van YHWH se geheimsinnige Plan

Hiermee 'n opsomming van hoe YHWH Sy plan ontvou:

- YHWH trou met Sy Vrou – Israel as ‘n volk.
- Koning Salomo se Koningkryk was verdeel in twee Koningkryke.
- YHWH verstrooi die Noordelike Koningkryk, die Huis van Israel ook bekend as Efraim.
- YHWH skei Efraim (die Huis van Israel), die Noordelike Tien Stamme.
- YHWH beplan om haar terug te bring en weer met haar te trou.
- Die "hertroue" is die enkele grootste probleem en verbode in die Torah.

Maar die Skrif het dit dat YHWH weer met gaan trou...

## YHWH Belowe dat Hy weer sal Trou met die Huis van Israel

Baie gedeeltes in die Woord getuig dat YHWH weer sal trou met Efraim, die Huis van Israel:

*"Gewis sal Ek jou geheel en al versamel, o Jakob! **Gewis sal Ek vergader die oorblyfsel van Israel**; almal bymekaarbring **soos skape in ‘n kraal**, soos ‘n kudde in sy weiveld; en dit sal dreun van mense."*[37]

Hosea wat ons vroeër bestudeer het bevestig dit ook:

*"19 En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. 20 En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy YHWH ken."*[38]

Hier kan ons duidelik sien aangehaal vanuit die Skrif dat YHWH wil en gaan weer trou met Israel, maar ons sit met 'n groot probleem ...

## Kan YHWH Sy eie Reëls en Voorskrifte in die Torah Verbreek?

Alhoewel ons ons verheug in ons Messias se selfopoffering, maak die bostaande vraag u nie ook wonder hoekom die Messias Y'shua moes sterf nie? Op die mees basiese vlak van begrip, verstaan ons dat hy die straf van ons sonde op die kruishout met Hom geneem het omdat ons nie die sonde kon oorkom en YHWH se wet gehou het tydens enige stadium van ons geestelike geskiedenis nie. En tog wanneer ons ‘n dieper geheim van YHWH se liefde en volgehoue doel om ‘n intieme gemeenskap met sy bruid te hê, begryp, sien ons 'n dieper aspek van die rykdom van Sy genade en liefde vir ons.

Hoekom was dit nodig vir Y'shua om te sterf? Die dieper openbaring lê in die mitzvot (wette of beter, instruksies) wat Hy aan ons gegee het deur middel van Moses, wat die Torah is. Om mee te begin, laat ons hierdie vraag beantwoord: "Wat is sonde?"

[37] Miga 2:12
[38] Hosea 2:19-20

Skrif moet Skrif interpreteer en die Woord sê duidelik dat sonde die oortreding van YHWH se Torah is:

*"Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid* (Torah), ***want die sonde is wetteloosheid*** (Torah).*"[39]*

Nou hier is die probleem: die Torah (die instruksies van YHWH) verbied duidelik die vrou wat ontug gepleeg het en met ander mans geslaap het om terug geneem te word deur die ex-man!

"*dan mag haar* ***eerste man*** *wat haar weggestuur het,* ***haar nie weer neem, dat sy sy vrou word nadat sy onrein geword het nie*** (nadat sy by ‘n ander man geslaap het)*; want dit is ‘n* ***gruwel*** *voor die aangesig van YHWH.*"[40]

"*Hy sê: As ‘n man* ***sy vrou verstoot****, en sy gaan van hom af weg en* ***word ‘n ander man s’n, kan hy dan nog na haar teruggaan****? Sal* ***daardie land nie skandelik ontheilig word nie****?*"[41]

Hieruit kan ons duidelik sien dat **'n vrou nie kan terugkeer na haar gewese man nadat sy seks met 'n ander man gehad het nie** - in hierdie geval verwys dit na Israel wat ander gode aanbid!

Hoe kan YHWH Israel terugneem - hoe is dit moontlik aangesien Hy nie Sy eie Torah kan oortree nie! Dit sou van Hom 'n sondaar maak!

## Die Groot Geheim oor hoe YHWH die Probleem sal Oplos

YHWH het gevra, "Waarom sou ek jou vergewe, O Israel?" deur die profeet Jeremia:

***"Waarom sou Ek jou vergewe****? Jou kinders het My verlaat en gesweer by die wat geen god is nie. En toe Ek hulle versadig het, het hulle owerspel bedrywe en by hope versamel in die hoerhuis."[42]*

Dis verbasend dat in die komende jare dit net aan Sha’ul van al die skrywers van die boeke van die Bybel was wat die oplossing vir hierdie reuse geheim gegee was, (dit is ongelooflik om te dink dat jy nog steeds mense kry wat Sha’ul se lering verwerp of grootliks verkeerd ïnterpreteer):

*"en vir my, sodat ‘n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid* ***die verborgenheid van die evangelie bekend te maak,"[43]***

Wat is "die geheimenis van die evangelie"? Die geheim is, "Hoe kan YHWH weer trou met Israel nadat sy "geslaap" het met 'n ander man (ander gode gedien)?"

## Die antwoord op hierdie Geheimsinnige Misterie vir Eeue Toegesluit

Sha’ul gee die antwoord tot die groot misterie in twee van sy briewe:

---

[39] 1 Johannes 3:4
[40] Deuteronomium 24:4
[41] Jeremia 3:1
[42] Jeremia 5:7
[43] Effesiers 6:19

*"Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar* ***as die man sterwe, is sy ontslae van die wet*** (Torah Instruksie) ***van die man****."*[44]

*"'n Vrou is deur die wet gebonde so lank as haar man lewe;* ***maar as die man ontslaap het****,* ***is sy vry om te trou met wie sy wil****, maar net in YHWH.*"[45]

Y'shua, die Eggenoot, moes sterf om die pad oop te maak vir die "verlore skape om in te kom"! Onthou, ons het gesê dat die Torah se vereiste is dat die man eers moet doodgaan om die vrou in staat te stel om weer te kan trou. Dit is die kern rede waarom YHWH moes sterf in die vlees! Hy het Israel Sy Bruid so lief dat Hy sy eie lewe afgelê het op daardie ruwe ou kruis hout! Dit is die grootste liefdesverhaal wat nog ooit vertel is!

Dit is die reuse-raaisel waarvan Sha'ul gepraat het en aan die wêreld verduidelik het. Dit is 'n liefde wat selfs die liefde van 'n ouer wat alles opoffer om hul kinders 'n beter lewe en meer geleenthede as wat hulle gehad het te gee, oorweldig. Ons kan 'n ouer se opoffering verstaan, maar kan ons regtig YHWH se opoffering verstaan? Hierdie liefde is onbeskryflik en gaan die verstand te bowe!!!

## Die Verborgenheid Verskuil vir Eeue

Dit is interessant om daarop te let dat nie eens die profeet Jeremia geweet het hoe YHWH hierdie dilemma gaan oplos as YHWH se eie Torah hom gepolisieer het nie; Jeremia vra die vraag in suiwer frustrasie hoe hierdie probleem opgelos sal word.

*"Hy sê: As 'n man* ***sy vrou verstoot****, en sy gaan van hom af weg en* ***word 'n ander man s'n, kan hy dan nog na haar teruggaan****? Sal* ***daardie land nie skandelik ontheilig word nie****?"*[46]

Van al die skrywers in die Bybel, was Sha'ul die een wat toevertrou is om hierdie raaisel bekend te maak! Hoekom? Sha'ul was deur Y'shua opgelei vir drie jaar by berg Sinai in Arabië, waar Moshe YHWH se Torah ontvang het.[47]

*"ooreenkomstig* ***die openbaring van die verborgenheid*** *wat* ***eeue lank verswyg is,****"*[48]

*"gemeenskap is van* ***die verborgenheid*** *wat* ***van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Y'shua Messias****,"*[49]

*"naamlik die* ***verborgenheid*** *wat van* ***die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges****,"*[50]

Die Skrif het dit dat Sha'ul geroep was vir die "heidene"[51], maar wie was hierdie "heidene" regtig?

[44] Romeine 7:2
[45] 1 Corinthiers 7:39
[46] Jeremia 3:1
[47] Galasiers hoofstuk 1
[48] Romeine 16:25
[49] Efesiers 3:9
[50] Kolossense 1:26
[51] Romeine 11:13

Onthou ons het vroeër in hierdie leer gesien dat die Hebreeuse woord vir "menigte van nasies" is "melo ha'goyim" en dit beteken letterlik "die volheid van die nasies". Die lees van "menigte van nasies" van 'n Griekse perspektief, 'n Griekse ingesteldheid en hoe Christene dit sien, blyk te beteken: "nie-Jode". Deur die interpretasie daarvan, is 'n nie-Jood "van die nasies" - wat beteken "nie van die EEN nasie Israel".

Dit is waar satan die hoogste vlak van misleiding aan die massas gebring het, wat direk YHWH se profesie deur die seën van "Efraim" deur sy vader Jakob teenstaan. Jy sien dit is Israel, die Noordelike Tien Stamme wat ‘n menigte van nasies gaan word. Dit is die Tien Stamme wat verstrooi sal word oor die aarde en in die vreemde lande opgeneem sal word in die jare wat kom. Dit is waarvoor Sha'ul geroep was, hy was geroep as die Apostel vir die Tien Stamme, diegene wat eens 'n goeie begrip van die Torah gehad he; en hy was die een wat geroep was om hulle te leer en om hulle te help om terug te keer.

Dit is wat Y'shua ook letterlik bedoel het toe Hy gesê het: "Ek het **gekom net** vir die verlore skape van die Huis van Israel, die verlore tien stamme":

*"maar gaan liewer na die* ***verlore skape van die huis van Isra'el.****"*[52]

*"Maar Hy antwoord en sê: Ek is* ***net gestuur na die verlore skape van die huis van Isra'el."***[53]

Die **groot geheim** is dan die feit dat Y'shua het **slegs** gekom vir die verlore skape van die Huis van Israel!

## Waar pas Hulle in wat nie van die Huis van Israel is nie.

Y'shua praat van hulle in Matt 15:21-28:

*"21 En Y'shua het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek. 22 En 'n* ***Kananése vrou*** *het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. 23 Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan. 24 Maar Hy antwoord en sê:* ***Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.*** *25 Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my! 26 Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die* ***brood van die kinders*** (Huis van Israel) *te neem en dit vir die* ***hondjies*** (heidense nie-Jode) *te gooi nie. 27 En sy sê:* ***Ja****, Here,* ***maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval****. 28 Toe antwoord Y'shua en sê vir haar:* ***o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê****. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af."*

In hierdie geval het Y'shua gesê dat Hy gekom het om Sy "kinders" te voed, met verwysing na die verlore skape van die Huis van Israel. Die Kanaänitiese vrou is 'n nie-Joodse vrou wat nie deel was van die Huis van Israel, die Noordelike Tien Stamme nie. Y'shua het haar eers blatant geïgnoreer en slegs nadat sy Hom ernstig agtervolg het, het Hy toegelaat dat sy van die krummels kan eet. U sien, 'n nie-Jood

[52] Mattheus 10:6
[53] Mattheus 15:24

is welkom om na Y'shua toe te kom, maar die vereiste daarvoor is om in die "verbond" van YHWH te kom en dan word jy as familie aanvaar in die Huis van Israel. (Lees meer oor die "verbond" in Deel 3 van die reeks "Christelike *Fundamentele Leringe*".)

## Waarom het Y'shua Sy Dissipels Vissers van mense gemaak?

Is dit om te gaan en heidense nie-Joode te vind en hulle Gelowiges te maak? Weereens, kom ons by 'n punt waar die Skrif die Skrif moet interpreter om Y'shua se ingewikkelde woorde te verstaan:

*"16 En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. 17 En Y'shua sê vir hulle: Kom agter My aan, en* ***Ek sal maak dat julle vissers van mense word.*** *18 En* ***dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg****."*[54]

Onmiddellik ontstaan die vraag, *"Hoekom het hulle onmiddellik alles laat val en Y'shua sonder huiwering gevolg?"* Dit is eintlik baie eenvoudig, want die antwoord is weer eens in die Skrif:

*"13 Daarom sal Ek julle* ***wegslinger uit hierdie land*** (verstrooi van Israel) *na 'n* ***land wat julle nie geken het*** (verstrooi jou oor die nasies van die wêreld), *julle en julle vaders nie; en* ***daar sal julle ander gode dien dag en nag*** (heidendom in die wêreld), *omdat* ***Ek julle geen genade sal bewys nie*** (omdat jy nie onder die verbond is nie). *16* ***Kyk, Ek stuur baie vissers****, spreek YHWH,* ***wat hulle sal vang****, en daarna sal Ek baie jagters stuur wat hulle sal opjaag, van elke berg en van elke heuwel en uit die klipskeure."*[55]

Hierdie manne wat Y'shua geroep het, het geweet dat wanneer 'n Rabbi jou roep om te kom en te leer van hom, het jy net een kans. Wat hierdie uitnodiging nog meer uitsonderlik maak, is dat Rabbi Y'shua aangehaal het uit die profeet Jeremia wat praat van "vissers wat YHWH sal laat opstaan spesifiek om te gaan na die Verlore Tien Stamme, die Huis van Israel". Hulle het goed geweet dat hierdie profesie nog in vervulling moet kom, want die Huis van Israel was versprei oor die wêreld vir die laaste 700 jaar, en hulle was geëerd om gekies te word om deel van hierdie profesie word! Sou jy ook nie?

## Die probleem met die Fariseërs

Y'shua is baie duidelik oor wie deel is van die Huis van Israel:

*"23 En Y'shua het in die tempel gewandel in die pilaargang van Salomo. 24 En die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U die Messias is, sê dit vir ons ronduit. 25 Y'shua antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, dié getuig van My. 26 Maar julle glo nie,* ***want julle is nie van my skape nie****, soos Ek vir julle gesê het. 27* ***My skape luister na my stem****, en Ek ken hulle, en* ***hulle volg My****."*[56]

[54] Markus 1:16-18
[55] Jeremia 16:13,16
[56] Johannes 10:24-27

Dit is belangrik om te weet dat Y'shua se skape luister na Sy stem (opdragte) en handel daarvolgens, hulle volg Hom in Sy weë, en daar is net een weg, die weg van die "verbond"!

## Peter word 'n kommissie gegee

Wat het Y'shua vir Petrus gevra drie keer na sy opstanding en toe daardeur aan hom opdrag gegee om 'n spesifieke taak te doen?

*"15 Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra Y'shua vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom:* ***Laat my lammers wei****. 16 Hy vra hom weer die tweede maal: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom:* ***Pas my skape op****. 17 Hy vra hom die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy My lief? Petrus het bedroef geword, omdat Hy hom die derde maal vra: Het jy My lief? En hy antwoord Hom: Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet. Y'shua sê vir hom:* ***Laat my skape wei****."*[57]

Peter se lewensvisie was om te gaan en Y'shua se **verlore skape van die Huis van Israel** te kry en hulle terug te bring na die verbond van YHWH!

## Peter is baie spesifiek aan wie hy Geskryf het

Ons het nog nooit gehoor van enige Leraar wat akkuraat preek wat Petrus se visie was nadat Y'shua hom onderrig het nie.

*"Petrus, 'n apostel van Y'shua Messias, aan die* ***vreemdelinge van die verstrooiing*** (Y''shua se verlore skape) *in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië,"*[58]

Uiteindelik kom hierdie vers wat die kerk in die algemeen gruwelik verkeerdelik oordra, tot lewe:

*"9 Maar julle is 'n* ***uitverkore geslag****, 'n* ***koninklike priesterdom****, 'n* ***heilige volk****, 'n* ***volk as eiendom verkry****, om te verkondig die deugde van Hom wat* ***<u>julle uit die duisternis geroep het</u>*** *tot sy wonderbare lig, 10 julle wat vroeër* geen volk was (Lo-Ammi) *nie, maar nou die* ***<u>volk van God is</u>*** (Ammi)*; aan wie toe* ***<u>geen barmhartigheid</u>*** (Lo-Ruhamah) *bewys is nie,* ***<u>maar nou bewys is</u>*** (Ruhamah)*."*[59]

Weereens, hier word NIE van die algemene kerk gepraat nie, YHWH praat van "Sy verlore skape van die Huis van Israel", wat uiteindelik teruggekeer na YHWH en sy "verbond" aanvaar! Peter verwys streng na die eerste twee hoofstukke van Hosea en Jesaja 7:8: "*en binne vyf en sestig jaar sal Efraim verbreek word, sodat dit* ***geen volk meer*** *is nie;"*

Hoe hartseer is dit vir Christene wat hierdie vers heeltemal uit konteks neem om 'n dogma wat hulle voel is reg te bevorder. Geen wonder satan is die meester verleier nie, want hy mislei selfs die uitverkorenes.

---

[57] Johannes 21:15-17
[58] 1 Petrus 1:1
[59] 1 Petrus 2:9-10

## Jakobus (Ya'akov), Y'shua se Broer, het ook Net geskryf aan die Verlore Skape

*"Jakobus, 'n dienskneg van God en YHWH Y'shua Messias,* ***aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is****: Groete!"*[60]

Geliefde Leraar, begin u om hier te sien dat Y'shua, Sha'ul, Petrus, Jakobus, Mattheus, Johannes, Lukas, Markus, ens nie aan die "kerk" geskryf het nie; nee, hulle het almal geskryf aan Y'shua se verlore skape van die Huis van Israel! Die Skrif kan nie ontken word nie.

## Kom ons slaan die Spyker in die Doodskis met Y'shua se Woorde

Leraar, as u 'n ander evangelie verkondig wat Y'shua se eie woorde teenstaan en van YHWH se geheimsinnige plan wat aan Sha'ul geopenbaar is, dan het u 'n probleem. Luister na wat Y'shua sê:

*"5 Y'shua het hierdie twaalf uitgestuur en* ***hulle bevel gegee*** *en gesê:* ***Moenie gaan op pad na die heidene*** *nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; 6* ***maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel.*** *"*[61]

Dit is hoog tyd dat ons ons Westerse-gesinde pette afhaal en ons Joodse pette opsit, en aanvaar dat ons Joodse hulpmiddels moet gebruik om die Skrif te interpreteer en onmiddellik weg te beweeg van die afsku van Anti-Semitisme wat YHWH haat. Verdryf die idee van die plant van Westerse-tipe kerke en die maak van Christene - wat ons moet doen, is om terug in Sy verbond te kom en Gelowiges van Sy Woord en waarhede te word! AMEN!

## Selfs Sha'ul het aan die verlore skape van Israel geskryf

As jy Sha'ul se briewe aan die Romeine noukeurig lees, sal jy agterkom dat Hy fokus op twee tipes mense: Jode wat van die Huis van Juda is (die woord "Jood" per definisie is afgelei van '"n afstammeling van die stam van Juda"), en "heidene", wat eintlik die Huis van Israel is wat verstrooi is onder die nasies. Kom ons sit die stukke bymekaar en begin lees vanaf Romeine Hoofstuk 9:

*"24 ons naamlik wat Hy geroep het, nie* ***alleen uit die Jode*** *nie* (Huis van Judah), *maar ook uit* ***die heidene*** (Huis van Israel)*? 25 Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal die wat* ***nie my volk*** (Lo-Ammi) *is nie,* ***my volk*** (Ammi) *noem; en haar wat* ***nie bemin*** *is nie,* ***beminde****; 26 en in* ***die plek waar aan hulle gesê is*** (Hosea 1 en 2)*: Julle is* ***nie my volk nie****!* (Lo-Ammi) *daar sal hulle genoem word* ***kinders van die lewende God****. 27 En Jesaja* ***roep oor Israel uit****:* (Noordelike Tien Stamme) *Al is die* ***getal van die kinders van Israel soos die sand van die see*** (menigstes volgens Jakob se seën oor Efraim)***, net die oorblyfsel sal gered word****;* (slegs diegene uit die menigstes wat na die verbond terugkeer, sal gered word)*"*

Van die Skrif, kan ons aflei dat net diegene wat die "verbond" aanvaar gered sal word.

[60] Jakobus 1:1
[61] Mattheus 10:5-6

## Die geheim van die Olyf Boom van Romeine Hoofstuk 11

Sha'ul gaan voort in Romeine hoofstukke 9 tot 11 met dieselfde onderwerp, maar hier in die twee hoofstukke bring hy dit by 'n punt en sluit af (of beter, versterk hy wat hy vroeër gesê het), en DIT is die "geheim" geopenbaar. Hy sê hier in hoofstuk 11 dat daar 'n bepaalde tyd in die toekoms is waar die volheid van die Huis van Israel sal inkom:

*"25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle* ***hierdie verborgenheid nie moet weet nie*** (van die evangelie wat nou vervul word)*, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat* ***die verharding ten dele oor Israel gekom*** (dit is georden deur YHWH omdat sy ontrou was aan Hom) *het totdat die volheid van die heidene* (eerder die volheid van die "menigte nasies", die Huis van Israel) *ingegaan het; 26 en so sal* ***die hele Israel gered word*** (diegene wat YHWH vrees en terugkeer na sy "verbond")*, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion* (Messias Y'shua) *kom en sal die goddelooshede* ***van Jakob*** (al die Twaalf Stamme) *afwend; 27 en dit is van* ***my kant die verbond met hulle*** (beide die Huis van Judea een die Huis van Israel) *as Ek hulle sondes wegneem."*

Met hierdie raaisel wat bekend gemaak is, vertel Sha'ul ons duidelik dat die Suidelike Koninkryk en Noord-Koninkryk, die "Jood en nie-Jood", Juda en Israel (Efraim) sal gered word!

## Nou moet jy 'n lewens-veranderende besluit neem

Met al hierdie inligting agter ons en Y'shua se woorde wat lui in ons ore, "*Ek het gekom net vir die verlore skape van die Huis van Israel*", het u nou net twee opsies:

| Aanvaar u is Israel | Verwerp dat u Israel is |
|---|---|
| **Die vereiste** | **Die vereiste** |
| 1) Aanvaar dat Y'shua moes sterf omdat YHWH nie Sy eie Torah kon skend nie | 1) Y'shua het nie vir my gesterf nie want Hy het "net gekom vir die verlore skape van die Huis van Israel" |
| **Erkenning** | **Erkenning** |
| 2) Sy dood is die enigste manier sodat YHWH met my kon trou as deel van die Huis van Israel | 2) Ek kan nie enige ander Skrif kry om te bevestig dat Y'shua gekom het vir nasies wat uit verbond met YHWH is nie, daarom het ek 'n probleem |
| 3) Dit beteken dat YHWH en Y'shua nog steeds die instruksies van Torah van | 3) Ek verwerp die wet (Torah), daarom het ek ook verwerp die Wet dat die man moes sterf sodat die vrou |

| | |
|---|---|
| toepassing hou selfs vandag nog. | weer kon trou, en daarom het ek indirek my Verlosser Y'shua wat om hierdie rede gesterf het, verwerp |
| 4) Daarom moet ek die "huwelik verbond" wat die Torah insluit, aanvaar as YHWH toelaat dat Sy Seun wreed vermoor word in plaas van om Sy eie Torah te verbreek. | 4) Ek is "buite die verbond" en nie deel van die Huis van Israel nie |
| 5) Daarom is Torah nie daar vir verlossing nie, maar om jou te lei tot die "deur Y'shua" wat die pad na die hemel vir my oopgemaak. | 5) Deur my besluit rebelleer ek dus teen YHWH se instruksies, Sy Woord, en verkleineer Y'shua se werk op die kruishout |
| 6) Torah is dus vir regstelling, beskerming en om vir my rigting te gee, en kan nie vir my redding gee deur die hou van YHWH se instruksies nie. | 6) YHWH, Y'shua, Sha'ul, Petrus, Jakobus en die ander wat die "groot geheim van die evangelie" verduidelik weet nie waarvan hulle praat nie, ek volg my Kerk en Pastoor! |
| 7) YHWH Ek is dankbaar en vir ewig dank verskuldig aan U om my oë oop te maak vir die uiteindelike Waarheid! Daarom, verheerlik ek Y'shua nou nog meer! | 7) Hierdie Torah Waarheid Soekers wil net soos Jode wees, ek sal eerder vas hou aan my kerk en leraar se tradisie wat my sal red ... |

U sien my geliefde vriend, ons hier by HRTI dring aan om vas te hou aan ons leuse: Ons Lig in, u kies. Ons bid dat jy 'n wyse besluit sal neem aangesien beide ewige belonings het – wat beteken, u kan 'n rokers sitplek of u kan 'n nie-roker sitplek bespreek vir u ewigheid - u besluit ...

## YHWH se Enkodeerde Twee-Huis boodskap regdeur die Skrif

Hierdie twee huise, die uitverkore volk van YHWH, word geïnkripteer en versigtig in geweef as 'n getuie vir ons regdeur die Bybel ...

- ✡ 12 Stamme met een Koning
- ✡ 12 Disipels met een Rabbi
- ✡ 12 Mandjies vol brood wat oorgebly het

- Matt 19:28: *En Y'shua sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op* ***twaalf trone*** *sal sit en die* ***twaalf stamme van Israel*** *sal oordeel.*
- Y'shua maak 'n 12 jarige meisie gesond
- Hy het in die Tempel begin leer toe Hy 12 jaar oud was.
- 12 Ure in elke dag (Johannes 11:9)
- 12 maande in 'n jaar
- Vrou (Israel) met die kwessie van die bloed vir **twaalf jaar** (onrein) wat nie genesing ontvang nie, wat buite die kamp (Israel se ballingskap) moet lewe (Israel)
- 12,000 Verseël van elke stam in Openbaring
- 12 Engele in Openbaring
- 24 Ouderlinge in Openbaring
- 12 Hekke met 12 perels
- 12 Konstellasies in die hemel
- 'n Boom van lewe wat 12 vrugte dra vir elkeen van die 12 maande in Openbaring
- 12 Spioene in Kanaan, 2 met goeie terugvoering (Judah), en 10 met slegte terugvoering (Israel)
- Verhaal van Josef
- Verhaal van Rut, Naomi en Boas
- 2 Ooggetuienis in Openbaring, een vir elke Huis
- 10 gebooie op 2 kliptafels (12) …. Twee keer gegee
- Gelykenis van die verlore seun – 2 seuns! Een het by die huis gebly (Judah), en een (Israel) onder die varke (die wêreld); net om later terug te keur na die vader se huis.
- Die twee stoke in Esegiel 37 wat een geword het
- Die een nuwe mens in Efesiërs
- En so gaan die lys aan en aan…

Maar die beste beeldspraak word uitgebeeld in die geval van Adam en Eva. Hier is getuig ons dat Adam is een en dat 'n deel van Adam verwyder is om Eva te maak, en dan sê YHWH merkwaardig dat die twee van hulle een sal wees! Kom ons lees dit:

*"23 Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word,* ***want sy is uit die man geneem.*** *24 Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en* ***sy vrou aankleef****. En* ***hulle sal een*** (in Hebreers echad wat letterlik "een" beteken) in ***vlees wees****."*[62]

Jy kan dit nie ontken nie; YHWH openbaar hierdie "geheim van die evangelie" nie net in die Nuwe Verbond nie, maar dwarsdeur die hele Bybel! Die Bybel is 'n groot troue waar YHWH doelbewus beplan om Israel terug te bring en weer met haar te trou!

## Gevolgtrekking

Daar is net:

Een YHWH (God)

Een Messias (Y'shua)

Een Wet (Verbond)

en

Een Nasie

Een Liggaam!

Maak vrede met dit, u is ISRAEL.

## Stof tot Nadenke

Wat as ons is reg is?

Die Skrif het dit dat:

***Lê jou daarop toe*** *om jou* ***beproef*** *voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie,* ***wat die woord van die waarheid reg sny****.*

Dit is elkeen van ons se verantwoordelikheid om te gaan en soek na die waarheid. Dit is nie die verantwoordelikheid van jou prediker / pastoor nie. Dit is jou en my verantwoordelikheid...

---

*Something mind-boggling is happening right now before our eyes!*
*What can only be seen as a sovereign work of the Ruach HaKodesh is breaking forth as Christians around the world are working to* ***return*** *to their* ***historical Hebrew foundation****. After being* ***stained*** *for more than*
*eighteen centuries by Judaeophobia, anti-Judaism, and anti-Semitism,*
*many Christians are being impacted by an unprecedented revolution of restoration. Scholars, clergy, and laity from virtually every nationality,*
*ethnicity, and denomination are reconnecting their faith in Messiah Y'shua with its historical Hebraic Roots in the* ***Torah****.* **HalleluYAH**

[62] Genesis 2:23-24

**We inform – You choose**[63]

Never be guilty of: ***"By your traditions you make the Word of God of non-effect"***[64]

***As cold waters to a thirsty soul, so is good news from a far country. Prov 25:25*** **Thank you that we may minister to you from the Southern point of Africa – population ratiowise the largest group of Messianic Judaism followers in the world.**

Contact us for formal ***Distance Learning*** in your ***Own Time*** from the comfort of your ***Own Home***. You do it by submitting your ***Assignments Electronically*** to us in either one of the following fields:
**Hebraic Roots** (Y"shua centered Messiah Studies),
**Midrashic Eschatology** (Jewish approach to End-Time Events),
**Torah-Based Healing** (Body, Spirit and Soul Counseling and Healing)
or various **other fields** from **Certificate to Doctorate**,
visit our Website for more info.

To find out about our other Products please contact us
at **http://www.hrti.co.za** and click on **ONLINE SHOP**

Also visit us daily on our Facebook Page for sound teachings:
**Hebraic Roots Teaching Institute**

That 'narrow way' is the path of Torah,
which is the mission of the Believer…
to continuously direct you to the Crucifixion Stake.

*If you are going to achieve excellence in big things, you develop the habit in little matters of Torah.*

***Excellence is not an exception,***
***it is a prevailing attitude.***

BE SO KIND TO GIVE THE FOLLOWING LINK TO OTHERS, FOR THEM TO BUY IT FROM OUR ONLINE MEGA RESTORATION STORE
http://www.hrti.co.za/shop/

[63] The truth of the Torah makes you see the mistranslations in the New Covenant. It's amazing how you can look at the epistles of Rabbi Paul one way and it looks like he's leading the body of Messiah away from Torah; when in reality, he's leading them **to** Torah. A paradox of vantage point. Let us remember, the intent of the law maker constitutes the law. We need to walk a mile or two in our Hebrew Messiah's shoes.

[64] Matt 15:3 But he answered and said unto them, Why do ye also transgress the commandment of God by your tradition? Matt 15:6 And honour not his father or his mother, he shall be free. Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition. Mark 7:9 And he said unto them, Full well ye reject the commandment of God, that ye may keep your own tradition